



RiVo -Ouers & Studente Baie welkom vir 2016!

So skop ons dan die nuwe Drama-jaar af met 'n "bang"!!

Aan die "ou" studente – baie welkom terug, het julle gemis!

Aan ons nuwe maats, baie welkom in ons drama-gesin, julle sal sien dis sommer baie lekker hier.

Ek hoop almal gaan baie gelukkig wees en dit geniet! Ons gaan ook hard werk, want daar wag 'n groot Kunstes Eisteddfod in Augustus.

Baie dankie aan Juffrou Elanie wat vandag en môre nog by ons kuier – ons is baie spyt om haar te verloor, maar ons wens haar en haar gesin net die beste toe vir die toekoms

Ons verwelkom vir Mnr Johan du Toit, 'n baie talentvolle man, wat my hande kom sterk!!!

Ons is baie bly en bevoorreg. Behalwe sy wonderlike sangtalent, het hy ook Drama geswot onder meesters, en ons gaan beslis sy talente baie positief gebruik!

Tussen ons twee gaan julle baie besig wees en wonderlike goete doen!

Ook baie welkom aan Tannie Roné Coetzee en Arna Hattingh wat ons met die praktiese klasse gaan bystaan – dis nou drama-grimering en kostumering en al die lekker dinge!

Hulle sien baie uit daarna om betrokke te raak en ek weet hulle en julle gaan dit net so baie geniet!

Juffrou Alta Eloff is Woensdae met die Musiek-afrigting besig – ouers wat belangstel, gesels gerus met my.

Tannie Suselle is in beheer van die Kiosk. Daar gaan nou ook lekker voedsame eetgoete wees – sy het allerhande wonderlike idees!

Sodra die lugversorger geïnstalleer is, gaan dit ook 'n baie lekker kuierplek vir die ouers wees – sy maak die lekkerste koffie!!!

Die Groepklasse is waarin die basiese drama-elemente geleer word, en is deel van die Drama- afrigting.

Individuele afrigting, is waar elke kind hard gaan werk aan sy eie persoonlike item(s).

Dis noodsaaklik dat die kind albei afdelings doen, anders kan hy nie ingeskryf word vir die Eisteddfod nie.

Ek wil vriendelik versoek dat almal by die reëls sal hou, sodat ons ook van die Drama- afrigting 'n groot sukses kan maak.

Kleredrag: 'n swart broek, ten minste bokant die knie en lekker los swart T-hemp – oor boude.

Geen skoolklere, rokke of ander "fancy" klere word op die verhoog toegelaat nie.

Ons gaan baie streng wees – 'n kind spring nie met ander klere in die swembad nie,

'n kind word nie met ander klere op die verhoog toegelaat nie!

Die Studio sal die logo op die hempies laat druk.

Klastyd: Wees betyds, indien daar 'n probleem is moet ouers asb vroegetydig laat weet

Afhangende van die getalle, sal die groep-indeling dalk aangepas word.

Groepe		Maandag	Dinsdag
A	Gr R-3	13:30 -14:15	13:30 -14:15
B	Gr 4 & 5	14:30- 15:15	14:30- 15:15
C	Gr 6 & 7	15:30- 16:00	15:30- 16:00

'n Drama boek of lêer is noodsaaklik. Moet asseblief nie die stukke lamineer nie, dis 'n werkstuk – ek "teken" daarop!! Net soos die kleredrag, asseblief 'n **moet** met elke individuele klas.

Fondse

Is bereid om kinder- flieddae te hou vir fondsinsameling vir Eisteddfod

"Donasie" v R20 pp? Ander idees?

Indien u kans sien om op die "bemarkingstrein" te klim en ons te help, groot asseblief – meld aan.

Webwerf – alle inligting daar en op Facebook. WhatsApp?

Kom maak die keuse vir die **Groepklastyd** asook die **Individuele afrigting** hier by my.

'n Baie mooi jaar vir almal.

RiVo –groete
083 7448559

